

Uiteindelik: Die verbond is finaal vervul

Die heerlike inhoud van die verbondsbelofte aan Abraham dat die Here 'n God vir hom en sy nageslag sal wees en die verbondseis dat hulle die verbond moet nakom (Gen. 17:8, 9) gaan uiteindelik met die koms van die nuwe Jerusalem finaal in vervulling.

Dit is wonderlik om daaraan te dink dat die tema van God se verhouding met die mens 'n lyn is wat dwarsdeur die Bybel voorkom. Die verbondsformule "Ek sal vir jou 'n God wees en julle sal vir My 'n volk wees" is die uitspraak wat loshande die meeste in die Bybel voorkom. Selfs uitdrukkings soos: "So sê die Here jou God..." is telkens maar net 'n verwysing na die spesiale verhouding wat daar is. So is die verbond 'n lyn wat dwarsdeur die Bybel loop.

Die voltooiing van die verbond vind plaas met die koms van die nuwe hemel en die nuwe aarde. Al daardie beloftes wat so talle kere in die Bybel aan die gelowiges deur die eeue herhaal is, word nou finaal waar. "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense". Letterlik staan daar dat God se tabernakel nou by die mense is. Die tabernakel ken ons uit die tyd toe Israel op pad was na die beloofde land. Dit was vir die volk op die trekpad die simbool van God se "inwoning" by sy volk. Dit was 'n simbool, maar met die Nuwe Jerusalem word dit werklikheid. God is dan werklik by sy volk. Die tent van samekoms, soos die tabernakel genoem is, word nou 'n werklike en permanente teenwoordigheid (saamwees) by mekaar. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volk wees en God self sal by hulle wees as hulle God (Op 21:3). Die Godwees van God word verder ook konkreet ingeklee - Trane word afgedroog; die dood is weg; leed, smart en pyn ontbreek (21:4). Dit is inderdaad alles nuut!

Wat 'n heerlike voorreg om elke dag te leef met die wete dat die Here inderdaad ons God is. Elke dag is Hy met ons op die trekpad van die lewe. Selfs die diep waters van beproewing en die vuur van ontnugtering en lyde, die riviere van hierdie lewe wat ons soms wil meesleur (Jes. 43:2) kan God se teenwoordigheid by ons en sy Godwees vir ons nie ongedaan maak nie. Net so heerlik is dit om te weet dat wanneer die aardse trekpad verby is, dan kom die ware en finale teenwoordigheid by God. As gelowiges gaan ons dit beleef - God en mens uiteindelik finaal bymekaar soos wat dit eintlik altyd moes wees - van aangesig tot aangesig by die Here!